17.3 RAPPORT DEPUTATE VIR EMERITAATSVERSORGING – MEDIESE AANGELEENTHEDE (Art 174)

A. Ds PJ Nel lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Sinode-opdragte*

1.1.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer.

1.1.2 Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om die Mediese Skema aangeleenthede te behartig.

1.1.3 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.

1.1.4 Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling opgeneem.

1.1.5 Agterstallige ramings het ‘n negatiewe invloed op die eervolle versorging van die emeriti

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.5 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate om op hoogte te bly met ontwikkeling en, indien nodig, om na die eis van omstandighede te handel en aan die volgende Sinode te rapporteer.

2.2 Die Deputate vir Emeritaatsversorging kry opdrag om ook die Mediese Skema-aangeleenthede te behartig.

2.3 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir die Mediese Skema aan hulle opgedra is.

2.4 Alles wat gedurende die Sinode besluit is, word verwoord en in die Ordereëling opgeneem.

2.5 Kerkrade, Klassisse en Streeksinodes word versoek om ernstig aandag te gee aan agterstallige ramings en daadwerklike pogings aan te wend om agterstallige ramings te verminder.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 goedgekeur.